

48 jaar tronkstraf vir bedrog teen belastingbetalers

Tshwane, 24 Augustus 2021 - 'n Man, wat verskeie belastingpligtiges bedrieg het, Khathutshelo Mashau, is tot 48 jaar direkte tronkstraf gevonnissen nadat hy skuldig bevind is op aanklagte van diefstal, bedrog en oortreding van die Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad (POCA).

Die Boksburgse magistratuur het aangehoor dat SARS 'n klagte van 'n belastingpligtige ontvang het dat sy persoonlike inkomstebelastingterugbetaling in 'n verkeerde bankrekening inbetaal is. SARS het 'n ondersoek gelas en gevind dat die terugbetaling in 'n FNB-rekening betaal is in die naam van Khathutshelo Mashau.

Daar is ook gevind dat verskeie terugbetalings vir ander belastingpligtiges in dieselfde rekening betaal is. Die geaffekteerde belastingpligtiges het nie geweet van die FNB-rekening wat die terugbetalings ontvang het nie. Hulle het ook beweer dat hulle nie versoek het dat hul persoonlike inligting en bankbesonderhede na die van Khathutshelo Mashau verander word nie.

Mashau het ook 'n Capitec-bankrekening gehad waarin vier bedrieglike persoonlike inkomstebelastingterugbetalings betaal is.

SARS kommissaris Edward Kieswetter het belastingpligtiges gewaarsku om slegs van geregistreerde belastingpraktisyne te gebruik om hul met hul belasting sake te help.

"Mense wat geen belastingkwalifikasies het nie en belastingpligtiges groot terugbetalings belowe, is waarskynlik met bedrog betrokke wat die belastingpligtige later sal skade doen. Belastingpligtiges moet sulke persone dadelik aangee, sodat ander belastingpligtiges van hierdie kriminele beskerm word.

SARS maak dit duidelik aan belastingpligtiges en verskaf sekerheid oor watter kanale om te gebruik om met SARS sake te doen en dat die kanale die enigste kanale is om te gebruik. Indien hierdie kanale nie genoegsaam is om 'n belastingpligtige se behoeftes te hanteer nie, moet hul slegs van 'n erkende belastingpraktisyn gebruik maak," het kommissaris Kieswetter gesê.

Om enige vermeende belastingbedrog aan te meld, kan belastingpligtiges die SARS teenbedroglyn skakel by 0800 00 2870.